

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 22 - nr. 51)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

16 en 18 Desember 2022

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

GELOFTEDAG- 16 Desember 2022

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Psalm 46

Teks: Psalm 46:2, 5

Sing- Ps. 146: 1, 8; Ps. 71: 1,10,15;

Ps. 46:1, 2, 6

**DIE STROOMPIES VAN DIE RIVIER
MAAK DIE GODSTAD BLY ...!**

2 God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. 5 Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste.

EREDIENS- Sondag

18 Desember 2022

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Psalm 45

Teks: Psalm 45: 7

Sing- VOORAF SANG: Ps. 89:3

TYDENS EREDIENS: Ps. 45:1, 2;

Ps. 89:1,12; Ps. 45:5, 6 Ps. 45:8,9

**DIE HEERLIKHEID VAN SY TROON
WAT EWIG IS, OOK MET DIE OOG OP
KERSFEES**

7 U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is 'n regverdig septer.

Sondag – 18 Desember 2022 (sonder begeleiding)

Vooraf sang: Ps. 89: 3

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps 45: 1, 2

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing:

Ps. 89: 1, 12

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps. 45: 5, 6

Skriflesing: Psalm 45

Teks: Psalm 45:7

Preek

**DIE HEERLIKHEID VAN SY TROON
WAT EWIG IS, OOK MET DIE OOG
OP KERSFEES**

Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – Diakonie (DVB)

By die deure – Thusofonds

Slotsang

Sing-

Ps. 45: 8, 9

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Geloftedag

By die deure- **Diens van barmhartigheid/Bybelverspreiding**

Sondag: 18 Desember

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Thuso fonds

Sondag: 25 Desember

In die banke: Dorkas (Susters)

By die deure: Bediening van Postmasburg

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Sondag – 18 Des 2022 Wyk 5

Ouderling: Br Lukas Potgieter

Diaken: Br Lombard Niesing

Wyksuster:

VERJAARSDAE

Dinsdag 20 Des Maryna v/d Merwe

Dinsdag 27 Des Anne-Marie v/d Vyver

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Ons dink in ons gebede aan br Harm Schoeman wat tans in Medic Clinic in Bloemfontein in die hospitaal is. Ons broeder gaan deur 'n swaar tyd met sy gesondheid. Ons is dankbaar dat daar lyk mate van verbetering te wees. Mag die Here hom die res van die pad elke dag naby wees.

Br Pieter du Plessis was ook afgelope week in Bloemfontein in die hospitaal gewees ná erge rugpyn wat hy moes deurgaen. Ons is dankbaar ons broeder is reeds weer ontslaan. Mag die “pynblok” en die behandeling daarmee saam vir hom volkome verligting brenge.

Sr Lientjie van der Walt se pa bly ook in ons gebede. Hy voer baie dae ook opdraande stryd met sy gesondheid; ander dae is daar weer mate van verbetering.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R552 063 -00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R535 995-00
Totaal van dankoffers vir Nov. 2022	R33 890
Totaal van dankoffers vir Des tot op hede	R20 280
Kermis inkomste tot op hede	R267 598-59
Gemiddelde dankoffer per besoekpunt vir 9 maande	R925 per besoekpunt
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 191 012-87
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 240 328-31
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R925-00

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Ons katekisasie werk en roosters is op ons webwerf gelaai. Dit is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>
Laerskool-kategese Ons het reeds vir die jaar afgesluit.

Hoërskool – kategese Alle Hoërskool-kindere se katekisasie word elektronies aangebied. Die sewentiende les vir hierdie jaar is opgelaa. Die video-aanbieding van die les is beskikbaar by <https://youtu.be/sb-n8CZvCUc> Die skriftelike werk is ook op WhatsApp groep gelaai. Daar is ook 'n opgeneemde klankweergawe van die les deurgegee. Ons het die Hoërskool kategese vir die jaar hiermee afgehandel. Ons sal DV begin volgende jaar daadwerklik moet besin of dit sinvol is om op hierdie wyse voort te gaan.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingeolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Diakonievergadering – Sondag 19 Februarie 2023 na die erediens
Kerkradsvergadering- Sondag 19 Februarie 2023 na die erediens
Dorkasvergadering- 19 Februarie 2023

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 11/12	50
Kollekte Diakonie 11/12	R1063-00
Kollektes by deure 11/12	R587-00
Kollekte Dorkas susters 27/11	R 730-00
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	(SnapScan)

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



Nogmaals 'n woord van hartlike dank vir hartlike samewerking en ondersteuning wat ons Kermis, Vleisverkope en Houtverkope deur die jaar gedra het. Ons sien die genade en goedheid van die Here ook hierin raak wat ons vir Hom alleen al die eer en dank mag gee vir waar Hy ons tot hier gebring het.

Daar het weer 'n goeie voorraad hout ingekom wat in die Teekamer aangekoop kan word. R25-00 per sakkie. Aankope van 20 of meer sakkies dan is prys R20-00 per sakkie ...

**Die waarde van die koelte is in die warm son rondom hom
(CJ Langenhoven)**